OOSTELIKE SINODE

2023

30 November 2023

FAMILIE-SKRYWE VAN DIE SINODALE DIENSRAAD NA ONS GEMEENTES EN LERAARS

Goeiedag namens die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode!

Ons is 'n sinode wat daarvoor bekend staan dat ons goeie verhoudinge het met ons gemeentes en leraars. Ons is 'n familie wat vir mekaar ruimte en tyd wil maak. Ons gee vir mekaar om...

Daarom is die welsyn van elke gemeente vir die Sinodale Diensraad belangrik – en so ook die bedieningsvreugde van ons leraars.

As leierskap het julle reeds die pastorale brief ontvang wat deur die moderator van die Algemene Sinode, ds Jan Lubbe, na elke gemeente en leraar aangestuur is. 'n Video-weergawe hiervan is ook vir julle gestuur. Die Sinodale Diensraad wil ons leraars en gemeentes uitnooi om met ons te skakel as daar enige verdere navrae hieroor is. Indien gesprekke of besoeke as gevolg van die afgelope vergadering van die Algemene Sinode of die pastorale brief verlang word, moet julle ons asseblief kontak.

Dis Kerstyd. Namens ons voorsitter, Tertius Erasmus, en die hele Sinodale Diensraad, ons seënwense aan gemeentes, lidmate en leraars: *mag die fees-vreugde oor die Evangelie van Jesus Christus diep in julle harte lê.*

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za **012 804 9543**
Jan Albertslaan 1, Val de Grace, Pretoria 0184

HIER IS ONS
STUUR ONS